



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 29 Julie 2021

Gedagte van die week:

Ons hoef maar net een kort dag op 'n keer aan Christus getrou te bly. Op dié manier sal die lange jare, en ons hele lewe, vir hulleself sorg, sonder dat die lengte van die tyd en die gewig van die jare ons ooit onderkry.
(Andrew Murray; 1828-1917)

Vertrekpunt:

Matteus 10:32-39

Meditasie uit die teks:

Die Bybel is 'n wonderlike, wonderlike boek om te lees. Die Bybel is soms baie maklik en soms baie moeilik om te lees. Die Bybel is soms baie onskuldig en soms baie gevaarlik. Die Bybel is ook gewoonlik makliker om te lees as om te doen. Ons teks van die week is vir my 'n moeilike teks en ek dink dat ek dit selfs as gevaarlik sou wou klassifiseer. Woorde soos, "ek gaan jou verloën as jy my verloën", klink by die eerste lees daarvan vir my so on-Jesus, so glad-nie-Jesus-nie of in Engels "so unlike Jesus, so not-Jesus". Ek wil dadelik vra wat het geword van 70x7 se vergewe, wat het geword van draai die ander wang en stap die tweede myl en wees lief vir jou vyand? So sit ek hierdie week met hierdie gevaarlike en moeilike versies en wonder of Jesus my gaan verloën as ek Hom verloën. En ek wonder of Jesus só is en of ek Hom nie dalk nog altyd verkeerd verstaan het nie? En die twee versies maak my bang, want ek is ook nie altyd 100% getrou nie! Maar toe kom help die hele en groot Bybel my met die twee moeilike en klein versies. Ek dink toe aan Petrus wat drie maal op een dag vir Jesus verloën het en tog nie terug-verloën is nie, maar ten spyte van die verloëning, heraangestel is as herder en rots van Jesus se gemeente. En ek dink aan die grootste verloënaar, ene Paulus, wat op gewelddadige wyse Jesus teengestaan het, maar nie deur Jesus terug-verloën en afgeskryf is nie. So ek moet sekerlik die twee versies verkeerd lees as dit my bang maak en my laat wonder en twyfel oor wie Jesus is. Ek raak toe rustig en besef dat hierdie versies is nie vir my, wat soms in menslike swakheid bietjie wankel in my toewyding, bedoel nie. Dit verwys nie na die kortstondige Petrus en Paulus verloënings nie, maar na lewenslange en hardvotige verloënings wat selfs nie op 'n sterfbed omgedraai word nie. En net toe ek dink ek is klaar met moeilike verse toe daag verse 34-39 op waar Jesus op die oog af Homself skilder as 'n doelgerigte en doelbewuste onrusmaker en vredeversteurder. Maar toe help die hele en groot Bybel my weer met die moeilike en klein versies. Ek lees weer die engele se vredeslied in Lukas 2:14 en Jesus se eie gevleuelde woorde, "geseënd is die vredemakers". En ek besef weer eens dat die geheim van goeie en verantwoordelike Bybellees is om spesifieke klein verse te versoen met die res van die groter Bybel se baie verse. Dit is soos om die klein legkaartstukkie in te pas in die groter legkaart. So gelees hoor ek dat Jesus leer my dat as Hy sy hemelse vrede bring, dan reageer die wêreld se onvrede daarop. En as ek die vrede wat ek by Hom gekry het wil uitleef, sal die wêreld met my baklei. Dit is nie dat ek dit soek of uitlok nie, dit is maar net 'n noodwendigheid. Met hierdie ongesoekte en ongewenste onvrede maak ek ook vrede! Ek mag net nie ongehoorsaam wees ter wille van vrede nie! As ek gehoorsaam is en dan met onvrede "beloon" word, laat dit dan so wees. Só was dit ongelukkig en noodwendig met Jesus ook.

Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 1 Augustus 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/85PCA1QUgUM>

Meditasie uit die lewe

Hierdie week is 'n 42-jarige man, 'n lidmaat van ons gemeente, dood aan COVID. Hy laat sy vrou, sy tienjarige seuntjie en sy sesjarige dogtertjie agter. Hierdie week het 'n vrou haar man verlaat en sy en haar kinders woon nie meer in die gesin se huis nie. Dit is alles só hartseer. Dit breek my hart. Dis maar al. Ek het niks meer om te sê nie. Ek dink aan my graad 11 skooljaar (1976) toe ons Jan F Celliers se gedig, "Dis al", gelees en ontleed het. Ek verstaan die magteloosheid en die hulpeloosheid van die balling nou, na 45 lewensjare later, beter. Ek dink mnr Alk Burger het toe iets gesê soos, "Julle sal dit eers eendag verstaan". Is so. Dis al.

**Dis die blond, dis die blou; dis die veld, dis die lug; en 'n voël draai bowe in eensame vlug - dis al.
Dis 'n balling gekom oor die oseaan, dis 'n graf in die gras, dis 'n vallende traan - dis al.**

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com